

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**Sondag 27 November 2011**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00		
	Lied	Bladsy		Lied	Bladsy
1.	Psalm 92:1 & 2	Bl.466		Psalm 150:1 & 3	Bl.719
2.	Skrifberyming 9-3:1			Skrifberyming 1-1:1 & 3	
3.	Skrifberyming 1-2:2			Skrifberyming 13-2 (Amen)	
4.	Psalm 2:1 & 6	Bl.5			
5.	Skrifberyming 13-2 (Amen)				

LAASTE SIMBAAL

Vandag is SIMBAAL Nommer 34 die laaste uitgawe vir 2011. Die volgende uitgawe is DV op Sondag 22 Januarie 2012, net na die skoolvakansie. Simbaal voltooi vandag die 6e jaargang. Met groot dankbaarheid teenoor die Here kan die vrugbare bestaan van die kontakblad gedenk word. Alhoewel 'n jaar baie gou verbygaan is dit in die gang van 'n blad soos Simbaal soms ook baie lank. Want week na week moet daar met getrouheid, stiptelikheid, entoesiasme, toewyding en oorspronklikheid gewerk word sodat die kontakblad die doel kan bereik waarvoor dit gestig is. Elke week het 'n dodelike "spertyd".

- Baie dankie aan die **Kerkraad** wat die fondse beskikbaar gestel het sodat Simbaal kon verskyn.
- Opregte dank aan **Hennie en Kotie Oosthuizen** vir die weeklikse afdruk en bind van Simbaal 'n **groot** werk!
- Waardering aan **dr Sarel van der Walt** wat weekliks gesorg het vir die inbring van persoonlike berigte, nodige artikels, preekopsommings en liedere vir die eredienste.
- Erkenning aan **elke lidmaat** wat bygedra het tot die suksesvolle bestaan van Simbaal vir 2011 en die ondersteuning deur die jaar.
- Ons sien almal weer op Sondag 22 Januarie 2012 DV.

Dr. Nico van der Merwe
(Redakteur)



SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 27 November 2011

Nommer 34

VAN DIE KRIP TOT DIE KRUIS

Hierdie uitgawe van Simbaal is die laaste vir die jaar. Hierna gaan Simbaal vir die vakansie en feesgety rus. Daarom hier op bladsy 1 'n paar gedagtes rondom Kersfees.

'Het jy al ooit 'n Kers- en Nuwejaarskaartjie gesien met die kruis op? Kaartjies straal altoos blydschap en plesier, klokkies en kerse, versierde kersbome en goeie kersvadergesigte, presente en geskenke uit. Tog bely gelowiges dat Christus se helse lyding met Kersfees, sy geboorte, begin het (Lees Heidelbergse Kategismus, Sondag 15). Die lyding duur van sy menswording af, van die krip totdat dit aan die kruis op Golgota 'n klimaks bereik. Christus se lyding strek van die *krip* tot die *kruis*. Mense sê dat Kersfees tog die *vreugdefees* bly, wat spreek van die heuglike oomblik toe Jesus na die aarde gekom het. Hy wou immers op die aarde vrede en versoening bring – vrede waarna ons vandag nog steeds soek.

- Dit is waar!
- Kersfees *is* vreugdefees.

Ja!, maar Kersfees is nie 'n verspotte, ligsinnige en onbeteuelde fees van eet en drink en baljaar nie. Kersfees is nie 'n baldadige dronkmansfees sonder perke nie. Kersfees is nie 'n oppervlakkige en losbandige fees van ooreet en te veel drink en grenslose jolyt nie. Wie Kersfees losmaak van die **kruis** weet nie wat hy doen nie. Hoe kan jy 'n uitbundige en ligsinnige fees hou as die skadu van die galg (kruis!) oor die krip val. God leer ons as Kersfees-gangers dat die kruis nie vir jôu wag nie, maar vir Jesus Christus. Daarom demp die kruis nie jou feesvreugde nie. Dit maak jou vreugde diep en opreg en dankbaar, in die lig van Jesus se opstanding uit die dood, opvaar na die hemel en wederkoms op die wolke.

dr. Nico van der Merwe



PREKE VANDAG

**Oggenddiens Tema: DIE SOET EN DIE BITTER VAN DIE EVANGELIE.****Lees:** Openbaring 10:1-11**Teks:** Openbaring 10:10

Die diepte en rykdom van die evangelie lê nie eensydig in troosboodskappe en gerusstellings nie. Dit wel, maar ook: die evangelie wys tereg, dit spreek aan en dit roep die wêreld op tot bekering, en hierdie is baiekeer die bitter kant daarvan, maar steeds evangelie. Die soet en die bitter is twee kante van dieselfde evangeliemuntstuk. Ons neem vandag enersyds afskeid van mekaar, en andersyds ontvang die gemeente mettertied 'n volgende dominee, maar die gemeente moet voortgaan om draers en beskermers van die waarheid van die evangeliewoord te wees. Hou daarmee vol: vertroos én vermaan, bemoedig én betig, alles in liefde en vanuit die Woord, solank daar nog in hierdie bedeling tyd is om die waarheid te laat hoor en die lig daarvan te laat skyn. Ontvang die soet met dankbaarheid, en sluk die bitter in gehoorsaamheid.

**Aanddiens Tema: KERSFEES: TERUGKYK, INKYK, OPKYK.****Lees:** Lukas 2:1-20**Teks:** Lukas 2:1-14

Die geboortegeskiedenis van Jesus dring ons om terug te kyk en daarin die vergestaltung van God se liefde te sien (vgl. Joh 3:16); dit dring ons om na ons self te kyk (inkyk) en te besef watter ommekeer daar vir my lewe gekom het danksy Christus wat vlees geword het as die Verlosser van die mensdom; dit dring ons om op te kyk en God te eer vir sy liefde en groot genade. Mag ons in hierdie feesgety perspektief behou en verby die mensgedrewe kersfees-ekonomie kyk en God sal sien en eer en dank.

**Dr. Sarel van der Walt 'n woord van waardering**

Dit is met 'n swaar hart dat die gemeente hierdie naweek van dr. Sarel en Anina en hulle kinders, Pieter en Carmi, afskeid neem na nege maande van samesyn. In hierdie kort tydjie het julle in die harte van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord geliefd geraak. Binne gemeenteverband het in hierdie maande baie dinge gebeur en is baie dinge gedoen waarvan julle deel was en dit ook gelei het. Die gemeente se aktiwiteite het gebloeï vanweë die dominee se entoesiasme, leiding en toewyding. Juis om hierdie rede is dit nodig om in die ruimte van SIMBAAL, *namens die gemeente* 'n opregte dankwoord teenoor Dr. Sarel en Anina te skryf. In die moderne tyd waarin ons lewe word al meer en meer van die predikant geveer, juis omdat die behoeftes en die node van die lidmate ontstaan vanweë die moderne tyd en moderne styl waarin die lidmate lewe. Vir een man alleen is dit onmoontlik om aan elke faset van elke lidmaat se behoeftes en verwagtinge te kan voldoen. Tog het u, dr Sarel, oor die wydste spektrum van die gemeente u diens as predikant gelewer. Die lang-lang ure in die studeerkamer, die dae en nagte van besoeke, die stil gang by hospitaalbeddens en tuis by siekes word normaalweg nie gesien nie, maar dit word gedoen. Ons het die allerhoogste waardering vir u dienswerk. Die Woord van God wat u aan die gemeente bedien het, was suiwer, aktueel, voedend, vermanend en geloofsversterkend. U preke was 'n middel in die hand van die Heilige Gees waardeur ons as gemeente op 'n besondere wyse opgebou en toegerus is vir ons dienswerk in die Naam van die Here (Ef.4:12). Met dankbare waardering het ons gedeel in u toewyding en pligsgetrouheid in huisbesoek, hospitaal- en siekebesoek, bejaardebesoek en besoeke tot vertroosting en versterking. Vir elke lidmaat het dit veel beteken. U belangstelling in die lewe van elke lidmaat, was vir ons van groot waarde. Op alle vlakke van predikant-wees was u in hierdie kort tydjie in ons midde tot ryke seën. In die besonder ook ons dank en waardering vir die leiding wat u op alle vlakke van die gemeentelike lewe gegee het. Van die kant van die gemeente ook erkenning en waardering aan Anina vir haar bystand en ondersteuning wat sigbaar was in die aktiwiteite van die gemeente. U plek en optrede as pastoriepaar was vir die lidmate van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord tot ryke seën. Saam met u gesin, bid ons u 'n gelukkige en vredevolle feestyd toe. En nou wag vir u die besondere werk van professor aan die Teologiese Skool Potchefstroom. Ons staan u met swaar harte af maar weet dat dit vir die Gereformeerde teologie en die Teologiese Skool tot groot wins sal wees.

Namens 'n innig dankbare gemeente.

Die Kerkraad



Anina, Carmi, Pieter & Dr. Sarel

DIE VAN DER WALTS GROET

Aangesien vandag die laaste Sondagoggend is wat ons saam met mekaar in ons kerkgebou kan wees, wil ons gesin graag van hierdie geleentheid en hierdie mondstuk (die Simbaal) gebruik maak om ons werklike en opregte dank uit te spreek teenoor ons hemelse Vader vir die welliswaar kort, maar kragtige tydjie wat ons hier kon woon en werk. Ses maande gelede, toe die beroep na die TSP aanvaar is, was ons maar twee maande in die gemeente gewees en, terugskouend, was die emosionele bande nog nie so sterk gevorm nie. Nou, ses maande later, het die wortels al diep geskiet en is dit swaar om totsiens te moet sê. Dankie vir die ongelooflike warmte wat ons hier kon ervaar van dag 1 af; dankie vir die vriendelikheid, die liefde en die omgee – dat julle julle harte vir ons oopgemaak het! Hierdie kort tydjie wat ons by julle was sal vir altyd kosbaar bly. Pieter en Carmi sal die spasie om die pastorie en rondom die kerk mis, en ook al die oulike tannies wat so gereeld vir hulle 'n lekkergoedjie in die hand gestop het, veral wanneer pappa en mamma nie gekyk het nie, en ons hulle dan later aantref met kieste wat bolwange staan; vir die twee woelwaters was dit aanvanklik vreemd, maar later 'n heerlike avontuur om nie met 'n motor kerk toe hoef te ry nie, maar om sommer net te kon omstap na al die maatjies toe.

Ons dank aan die kerkraad vir die besondere bedagsame wyse waarop julle ons versorg het, met oom Michael van der Walt, ons wyksouderling, wat getrou met elke huisbesoek navraag gedoen het oor ons welstand. Dankie aan die susters vir julle energie, liefde, omgee en onbaatsugtige ywer. Dankie aan elke lidmaat wat ons soms sommer so in Pick-n-Pay om die nek kom val en gegroet het omdat ons nog nie tyd gehad om al die name en gesigte te kon leer ken nie.

Ons bid vir julle almal en vir die gemeente: Mag God julle dra en bewaar en julle van krag tot krag laat gaan.

Liefdegroete

Sarel, Anina, Pieter en Carmi



Kerssangaand

Vanaand na die aanddiens kom Klerksdorp en Klerksdorp-Noord saam in ons kerkgebou vir die **jaarlikse kerssangaand**. Die normale aanddiens is steeds om 18:00, gevolg deur die kerssangbyeenkoms om 19:00.

Klerksdorp-gemeente is hierdie jaar ons gaste en **ons versoek vriendelik dat elke gesin asseblief 'n klein bordjie eetgoed sal saambring** sodat ons na die kerssangdiens gesellig en feestelik kan saamkuier in die saal met 'n koppie tee/koffie en iets te ete.

JAARPROGRAM 2012

Die jaarprogram vir 2012 is gereed en die ouderlinge sal dit met huisbesoek aan al die lidmate besorg. Indien lidmate nie 'n program ontvang het nie kan u gerus na die diens by die konsistorie 'n draai maak, daar is ekstra kopieë beskikbaar. Die jaarprogram begin by Desember 2011, omdat daar veranderinge plaasgevind het met die gesamentlike dienste, en die vorige inligting nie meer korrek is nie. Die jaarprogram bevat belangrike inligting oor die 2012 aktiwiteite van ons kerk, en dit word vertrou dat dit sal dien as 'n permanente gids.

Dank word oorgedra aan die lidmate wat die drukkoste geborg het, sodat die jaarprogram ons niks gekos het nie! Dankie ook aan dr. Sarel van der Walt wat meegehelp het met die beplanning. *Vic van der Walt* Tel. No.:018 468 5022 Faks No.:086 697 7997

Sommige kerkgangers
het kritiek op die preek.

Ander kerkgangers

het kritiek op wie om hulle sit.

Weer ander kerkgangers
(en hulle is die beste)





LIEF EN LEED

- **Sr. Martie Strydom** het die afgelope week weer toetse ondergaan nadat sy oor 'n lang tydperk maagprobleme gehad het. Dit lyk asof sy nou stadigaan begin baat by die behandeling. Ons is saam met haar en br. Hennie bly en dankbaar teenoor die Here.
- **Dr. Nico van der Merwe** is Maandag ontslaan uit Anncron nadat die dokters tevrede was dat 'n aanpassing in medikasie die nodige en gewenste resultate sal hê vir sy asemhalingsprobleme.
- **Br. Jan Louw** het die afgelope Maandag weer ondersoek en toetse in Wilmed ondergaan. Die seën van die Here word jou toegebid.
- **Hannes Pelser** ondergaan hierdie week ondersoek en toetse in Randburg. Baie sterkte toegewens!
- **Jaccus**, seun van **Cobus en Annalize Booysen**, het Dinsdag 'n mangeloperasie ondergaan. 'n Vinnige herstel word hom toegewens.
- Baie geluk aan **Tiaan Mocke** (Johan en Hanlie Mocke se seun) wat die afgelope Saterdag in die huwelik bevestig is met Natasha Joubert. Baie seën toegebid vir hulle huwelik!



TEOLOGIESE STUDENTE BEROEPBAAR GESTEL

Die volgende teologiese studente is pas deur die Streeksinodes beroepbaar gestel:

Streeksinode Bosveld

Proponent JL [Jan-Louis] Lee Sel 084 505 2328

Proponent HFR [Riekert] Pelser Sel 082 321 4373

Proponent GP [Gerhard] van Rhyn Sel 084 206 2434

Oostelike Streeksinode

Proponent FJ [Frikkie] van Rensburg Sel 079 524 4226

Streeksinode Pretoria

Proponent AJ [Albert] Coetsee Sel 084 577 1777

Proponent N [Nikolaas] Pienaar Sel 082 060 2034

Proponent JJ [Johannes] Mbonani

Streeksinode Vrystaat-KwaZulu-Natal

Proponent J [Jaftha] Nkili Sel 073 768 8784



2. KATEGESE

Alhoewel die predikant die primêre kategeet vir alle kinders in die gemeente is, word die belydenisklas deur die predikant op Sondag na die erediens begelei terwyl daar van hulpkragte gebruikgemaak word vir al die ander klasse. 'n Gefokusde (hersienings-)kategeese vir die belydenisklas addisioneel tot die jaar se kurrikulum is reeds afgehandel na afloop van die Septembervakansie.

3. BYBELSTUDIE

Die gemeente het tans 2 Bybelstudiegroepe wat volgens die datums op die gemeentekalender byeenkom op onderskeidelik Sondag- en Woensdagaande. 'n Bybelstudie duur normaalweg 1 uur, waarvoor daar vir elke byeenkoms nagenoeg een uur se voorbereidingswerk gedoen word. Die Sondagaand groep se voorbereidingswerk (vanweë die aard van die stof wat behandel word) vereis soms langer voorbereiding.

4. ADMINISTRASIE

Binne ons gemeente-opset, is die studeerkamer van die predikant terselfdertyd ook grootliks die administratiewe kantoor van die gemeente. Algemene gemeente-administrasie neem gemiddeld (grootliks tot 'n maksimum van) 2-3 ure per week in beslag, alhoewel die aanloop tot 'n kerkraadsvergadering/klassis dikwels meer tyd in beslag neem. Die voorbereiding van agenda's van breë kerkraadsvergaderings, tesame met die fisiese voorbereiding vir 'n vergadering, neem ongeveer 2-4 ure per vergadering in beslag, na gelang van die geladenheid van die agenda. Die e-Nuusbrief se voorbereiding behels nagenoeg tot 'n maksimum van 2 ure per week.


5. KOMMISSIEWERK

Kommissiewerk binne die gemeente is sporadies van aard en vind plaas na gelang van omstandighede. Gewoonlik vind meer kommissiewerk plaas direk na en voor kerkraadsvergaderings, en is dit nie 'n deurlopende lading op die predikant nie.

(Vervolg op bladsy 9)

PREDIKANTSVERSLAG

Die Kerkraad het gedurende die jaar besluit dat die predikant kwartaalliks verslag doen oor sy werk in die gemeente en die breër kerkverband. Die kerkraad het ook besluit dat die verslag van die predikant in die Simbaal moet verskyn om aan die gemeente 'n oorsig te bied van die predikant se werksaamhede.



Die eerste geleentheid waartydens dr Sarel verslag kon doen nadat die kerkraad hierdie besluit geneem het, was tydens die laaste breë kerkraadsvergadering van hierdie jaar, met die gevolg dat sy verslag nie net die laaste kwartaal dek nie, maar sy bedieningstyd in ons gemeente vandat hy hier bevestig is, en daarom moet die aspekte van sy bedieningswerk, soos die aantal besoeke (insluitend hospitaalbesoeke), begrafnisse en preke in daardie lig gesien word. In die toekoms sal die predikantsverslag elke kwartaal verskyn en mag bepaalde syfers daarom anders daarna uitsien.

1. PREDIKING

Dit neem ongeveer 8-10 uur om 'n preek tot preekgereedheid te bring. Hierby ingesluit is die volledige voorbereiding van die liturgie vir 'n erediens. Dit impliseer dus intensiewe arbeid van tussen 16-20 uur per week wat betref erediensvoorbereiding. 'n Trou- of begrafnisprek is nie ingesluit in bogenoemde nie, en is addisioneel wat betref voorbereidingstyd. 'n Samevatting van preke gelewer, tot dusver, is soos volg: Oggenddienste: 22; Aanddienste: 23; Christelike feesdae: 1 (Hemelvaart 2011); Begrafnisse: 8; Troues: 2.

2. BESOEKE

Aan huis: 143; Hospitaal: 93.

3. PASTORAAL

Word van tyd tot tyd gereël na gelang van omstandighede. Ek ervaar dat dit tyd neem vir lidmate om vertroue in 'n nuwe predikant te ontwikkel. Soos wat 'n predikant langer in 'n gemeente dien, word die pastorale arbeid ook meer. Tans is daar 2 aktiewe/deurlopende pastorale beradingsgevalle.

VAN DIE DIAKENS

- Danksy flink reaksie uit die gemeente, kon die toiletsakkies hierdie week by die President Kruger Kinderhuis in Pretoria afgelaai word. Die seuns het dit met groot dankbaarheid ontvang en hul bedankingsbriefies is reeds op pad.
- Die Diaconie wil graag **Kersfeesbederfpakkies** uitdeel en vir hierdie doel word houters aan die gemeente beskikbaar gestel om te vul. Ons vra u vriendelike samewerking.

**PRESTASIES VAN ONS KINDERS**

♦ **Nicola van der Walt** (graad 7, Laerskool Saamtrek)

Atletiek o/13, vorder na Distrik kampioenskap in 75 m hekkies

Netbal o/13 ligawenners in KOSH gebied

Karate; SA Kampioenskap, Silwer en Brons medaljes, kwalifiseer om SA te verteenwoordig in Japan 2012

Neem deel aan CSV

Wetenskap Ekspo; verdien silwer medalje op Nasionale kompetisie

Verdien 2 kulturbalkies en ambassadeursbalkie

Verdien toekenning vir volgehoue akademiese prestasie, 80+ vir 4 jaar

Lid van leerlingraad 2011

100% skoolbesoek vir 7 jaar

Nicola gaan volgende jaar na Hoërskool Schoonspruit

♦ **Wikus van der Walt** (graad 9 Hoërskool Schoonspruit)

100% skoolbesoek vir 9 jaar

Hokkie: Trofee vir meeste doele aangeteken

Wikus & Nicola, die gemeente wens julle geluk met julle mooi prestasies vir 2011. Saam met julle ouers is ons trots op julle.



- ♦ As sonde en ellende in die wêreld tuisgehoort het, sou ons reeds lankal daaraan gewoon gewees het.

6.

SIMBAAL 27 NOVEMBER 2011

KERSFEESFAMILIE

Matteus 1:1-17

Stel jou voor een van jou ooms is tereggestel vanweë hoogverraad, of 'n neef is ter dood veroordeel weens moord; of 'n niggie dien tronkstraf uit vanweë prostitusie of 'n suster of broer is veroordeel op grond van diefstal; sal jy ooit van hulle melding maak? Sal jy onder sulke omstandighede rondvertel uit watter familie jy kom? Dit is vanselfsprekend dat jy dit sal verswyg so deeglik as moontlik! In goeie geselskap sal jy oor jou familie swyg in tien tale.

- Let daarop hoe eerlik is die Bybel oor die familie waaruit Jesus gebore is!

- Eenvoudig niks word in hierdie geslagsregister weggesteek nie.

Matteus doen daarby soveel moeite dat hy die geslagte waaruit Jesus gebore word noukeurig navors en opskryf. Hy beskryf die voorgeslagte nie alleen baie noukeurig van Abraham af nie maar presies tel hy hulle ook en deel hulle in gepaste groepe in [vs 17]. Wat opval in die **kersfeesfamilie** van Jesus is die name van 5 vroue: Tamar [3], Ragab en Rut [5], Batseba [6] en Maria [16]. Wie is hulle?

- **Tamar** het haar skoonpa, Juda, seksueel verlei [Gen. 38].
- **Ragab** is die prostituut van Jerigo [Jos. 2].
- **Rut** is 'n heidense Moabitiese vrou [Rut 1].
- Met **Batseba** het **Dawid** owerspel gepleeg [2 Sam 11].

Behalwe **Maria** sou ons ons oë uit ons kop geskaam het as ons in die openbaar sou moes erken dat ons voorgeslag sulke mense inhou.

Maar nie Jesus nie!!

Onder leiding van die Heilige Gees [1 Tim 3:16; 2 Pet 1:21] is die geslagsregister van Jesus noukeurig opgeskryf en die skandes en sondes is nie naarstiglik verbloem en weggesteek of verswyg nie. Christus skaam Hom nie want Hy het juis gekom om vir die sondes te betaal. Hy is gebore om elkeen wat glo [Joh. 3:16] met sy bloed skoon te was sodat God se

uitverkore kinders, hulle sonde ten spyt, die ewige lewe kan ontvang. Deur die geloof kan en is jy ook familie van Jesus, verlos in sy soenbloed.

Dr. Nico van der Merwe

SIMBAAL 27 NOVEMBER 2011

II.

(Vervolg van bldsy 13)

6. KERKVERBAND

Klassis: Tans nie lid van enige klassikale deputategroep nie.

Breër Kerkverband: Tans nie lid van enige deputategroep van die Streeksinode nie. Dien tans op die volgende nasionale deputategroepe:

- Deputate van die Algemene Sinode (gemoeid met die Handeling van Sinode 2009 asook alle voorbereidings en programmering van Sinode 2012). Vergaderings was sporadies soos wat die nood vereis het. Direk na afloop van Sinode 2009 was die werkslading groot, maar dit het afgeneem namate die Handeling gefinaliseer is. Vandat ek predikant in die gemeente is, was daar een vergadering in Potchefstroom, en nog een vergadering in Potchefstroom word voor die einde van die jaar in die vooruitsig gestel.
- Deputate Ekumenisiteit Buitelands. Het ongeveer een keer per kwartaal vergader.

- Dr Sarel van der Walt

NUWEJAARSUITSIG

Psalm 39:1-4

Aan die einde van 2011 kom 'n mens diep onder die besef van die kortstondigheid van die lewe. Hoe blitsnel is 2011 nie verby nie. In Psalm 39 kom Dawid onder die indruk van die snelle gang waarmee die lewe by 'n mens verbygaan. Hy as digter voel dit aan hoe kortstondig die lewe tog is en hoe onseker alle dinge. Vlugtig, broos, verganklik is die lewe hier op aarde. Juis hierdie dinge spreek 'n mens aan so op die randjie van die oujaar. Oor die lewe van die mens staan geskrywe **t y d e l i k**. Gemeet teen God se ewigheid is die dae van die mens min, "**in u oë is my lewensduur byna niks**", dit is net "**'n paar handbreedtes gemaak**" [Ps.39:6]. Gemeet teen die ewigheid van die Here is die lewe van die mens net 'n damp, 'n gedagte,

'n flits, 'n handbreedte. "**Duisend jaar is vir U soos gister as dit verby is, soos een enkele wagbeurt in die nag**" [Ps.90:4]. God het egter alles bepaal. Dit verander die verbygaan van die jare aansienlik. Al voel ons dat ons nie houvas op die tyd het nie, **God** het volle houvas daarop. Hy het ook hierdie jaar wat verby is tot jou beswil beskik al lyk dit nie so nie.



10.

SIMBAAL 27 NOVEMBER 2011

Verjaarsdae (Vervolg)

10 Jan.	Rina La Grange	Wyk 26	018-468-6667
10 Jan.	Hannes Pelser	Wyk 20	018-468-7542
10 Jan.	Susan van Rooyen	Wyk 18	018-468-6245
11 Jan.	Hendrien Kruger	Wyk 05	018-468-3256
12 Jan.	Brenda Labuschagne	Wyk 28	018-469-1671
13 Jan.	Hendrico van Antwerp	Wyk 17	
14 Jan.	Tannie Maria du Preez	Wyk 19	018-468-6488
16 Jan.	Francois Snyman	Wyk 23	018-468-4204
17 Jan.	Phil Jooste	Wyk 06	018-468-2633
17 Jan.	Attie Louw	Wyk 13	018-431-1637
18 Jan.	Lojandri De Klerk	Wyk 12	018-468-3831
18 Jan.	Riaan Jacobs	Wyk 17	018-468-6309
19 Jan.	Drienie Schutte	Wyk 07	083-298-1096
20 Jan.	Anneke J Van Vuuren	Wyk 18	
20 Jan.	Andre Matthyser	Wyk 16	082-337-8946
21 Jan.	Tant Anna Smit	Wyk 10	083-688-3379

Elkeen van die lidmate wat in die vakansieperiode verjaar word hartlik gelukgewens! Mag die dag van u verjaarsdag aangenaam wees saam met jou geliefdes. Vir die nuwe lewensjaar word julle die rykste seën van die Here toegebid en ook veel voorspoed op die



ONS
NUWE

PREDIKANT: DS. ANDRÉ DE JAGER

Dit is met groot vreugde en dankbaarheid teenoor die Here dat die gemeente die goeie nuus verneem het dat Ds. André de Jager die beroep na Klerksdorp-Noord aanvaar het. Ds. De Jager kom van die Gereformeerde Kerk Vryheid na ons toe oor. Vroeg in die nuwe jaar, 2012 DV, sal hy en sy eggenote, Isabel, en hulle kinders in die gemeente ontvang word.

SIMBAAL 27 NOVEMBER 2011

7.

VAKANSIE-EREDIENSTE

Die eredienste tydens die Desember vakansie sal soos volg daar uitsien:



DATUM	TYD	KERKRAAD AAN DIENS	PREDIKANT
11 Des	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord
18 Des	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord
25 Des	09:30 18:00	Klerksdorp Klerksdorp-Noord	Klerksdorp Klerksdorp-Noord
1 Jan	09:30 18:00	Klerksdorp Klerksdorp-Noord	Klerksdorp Klerksdorp-Noord
8 Jan	09:30 18:00	Klerksdorp Klerksdorp-Noord	Klerksdorp Klerksdorp-Noord
15 Jan	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord

NB: Al die oggenddienste vind plaas in Klerksdorp se **Gemeentesentrum**, terwyl die aanddienste steeds in ons **Kerkgebou** plaasvind

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE AANVAAR

- Ds. AP de Jager van Vryheid na Klerksdorp-Noord.
- Ds. RB Fourie van Boksburg-Suid na Bellville-Oos as medeleraar.

BEROEPE BEDANK

- Ds. GJ Erasmus van Vryburg na Bothaville.



- ♦ Wat kom beter en meer passend ooreen met die geloof, as om te erken dat ons ontbloot is van alle **deug**, sodat ons deur God **beklee** mag word. Dat ons leeg is van al wat **goed** is, sodat ons deur Hom **gevol** kan word. Dat ons **slawe** van die sonde is, sodat ons deur Hom **bevry** kan word.

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
27 November	Barmhartigheid	Bystandfonds Diakens
4 Desember	Barmhartigheid	Bybelverspreiding



GEMEENTEPROGRAM

Sondag 27 November tot Saterdag 3 Desember 2011

Sondag 27 November	Oggenddiens	09:30
Sondag 27 November	Aanddiens	18:00
Sondag 27 November	Kerssangaand	19:00
Dinsdag 29 November	Diakensvergadering	18:00



TEESKINKBEURTE

Sondag 27 November 2011	Wyke 03 & 04
-------------------------	--------------



VERJAARSDAE

27 November 2011 tot 22 Januarie 2012

27 Nov.	Eddie Kruger	Wyk 04	018-468-3351
27 Nov.	Johan Viljoen	Wyk 07	083-409-5055
03 Des.	Alf White (Sr.)	Wyk 25	082-924-9131
05 Des.	Hettie J van Vuuren	Wyk 18	083-710-4833
05 Des.	Bruce Loxton	Wyk 03	018-468-7414
05 Des.	Pierre van der Walt	Wyk 21	018-462-8486
05 Des.	Jan van Heerden	Wyk 27	018-468-4647
07 Des.	Marthie Kruger	Wyk 03	082-877-8899
07 Des.	Blackie Swart	Wyk 26	018-468-3836
08 Des.	Santa van der Walt	Wyk 26	083-407-2267
09 Des.	Tant Sarie van Heerden	Wyk 28	018-469-2520



Verjaarsdae (Vervolg)			
15 Des.	Tania Blignaut	Wyk 01	082-418-3471
15 Des.	Peet Buys	Wyk 15	018-468-2209
15 Des.	Wikus van der Walt	Wyk 21	018-462-8486
20 Des.	Martie Venter	Wyk 12	018-468-6790
21 Des.	Carlo Wright	Wyk 19	018-293-0933
22 Des.	Linelle Hitge	Wyk 07	018-468-1178
22 Des.	Jaques J van Ryssen	Wyk 12	
23 Des.	Charl du Plessis (Jr.)	Wyk 27	
23 Des.	Martell van der Walt	Wyk 13	018-469-3895
24 Des.	Betsie Rust	Wyk 10	018-462-7231
25 Des.	Charles du Plessis	Wyk 09	082-567-1654
25 Des.	Tina Stols	Wyk 25	018-468-7058
26 Des.	Larrie de Lang	Wyk 18	018-468-1538
27 Des.	Elmarie van der Walt	Wyk 04	018-468-6891
28 Des.	Dieter Snyman	Wyk 23	018-468-4204
28 Des.	Max Swart	Wyk 26	018-468-3836
28 Des.	Pieter van der Walt	Wyk 08	
29 Des.	Charl du Plessis (Sr.)	Wyk 11	018-468-3301
29 Des.	Mienie Vorster	Wyk 12	018-468-3819

